
# Voorsetsels

Naam:

Voorsetsels beskryf waar ŉ onderwerp ten opsigte van die voorwerp is.




Lees weer die artikel uit hierdie week se "Lees en kyk"-afdeling en beantwoord die taalvrae wat daarmee verband hou.

| Woordeskat | | |
|---|---|---|
| opwindende - exciting | vakansie - holiday | verneukers - cheaters |
| onwettige - illegal | wins - profit | teenstander - opponent |

1. Vul die ontbrekende voorsetsels in:
   Baie mense speel bordspeletjies ____________________ die vakansietyd. Hulle sit gewoonlik ____________________ ŉ tafel of ____________________ die vloer en speel. Familie en vriende sit ____________________ mekaar. Hulle speel ____________________ mekaar om te sien wie die wenner gaan wees. Verneukers steek soms hul kaarte ____________________ die tafel of ____________ hulle klere weg.

2. Skryf die volgende sinne in die **lydende** vorm oor:

   Nuwe spelers sal dit maklik leer.

   ______________________________________________

   Jy kan jou teenstander besteel.

   ______________________________________________

3. Skryf die **intensiewe vorme** van die volgende woorde neer:

   Snaaks - ______________________________

   Ryk - ______________________________

© e-classroom

4. Wat beteken die volgende **idioom**? Onderstreep die korrekte opsie.

   Ek gaan vir my pa duim vashou wanneer hy teen my oom speel.

   a. Baie graag wil hê dat iemand sukses moet behaal

   b. Baie graag wil hê dat iemand ŉ pyn in sy duim moet kry

   c. Baie graag wil hê dat iemand swak moet speel

5. Skryf die volgende meervoude in hul enkelvoud oor:

   Ruimtetuie - ____________________________

   Geleenthede - ____________________________


   Uitbreidings - ____________________________

   Kaasfabrieke - ____________________________

   Restaurante - ____________________________

   Grondstowwe - ____________________________

6. Skryf die volgende paragraaf oor deur die korrekte koppeltekens en afkappingstekens in te vul:
   In Suid Afrika is mas en pas baie opgewonde oor die nuwe bordspeletjie wat hul kinders stil stil gaan besig hou. Kinders van 5 tot 15 jarige ouderdom kan oor en oor die speletjies speel sonder om verveeld te raak. Oumas en oupas kan help om fotos te neem van hul kleinkinders terwyl hul stap vir stap die instruksies volg.



© e-classroom

# Antwoorde

1. Vul die ontbrekende voorsetsels in:
   Baie mense speel bordspeletjies ***in/gedurende*** die vakansietyd. Hulle sit gewoonlik ***by*** 'n tafel of ***op*** die vloer en speel. Familie en vriende sit ***langs*** mekaar. Hulle speel ***teen*** mekaar om te sien wie die wenner gaan wees. Verneukers steek soms hul kaarte ***onder*** die tafel of ***binne/in/binne-in*** hulle klere weg.

2. Skryf die volgende sinne in die **lydende** vorm oor:

   Nuwe spelers sal dit maklik leer.
   ***Dit sal maklik deur nuwe spelers geleer word.***

   Jy kan jou teenstander besteel.
   ***Jou teenstanders kan deur jou besteel word.***

3. Skryf die **intensiewe vorme** van die volgende woorde neer:

   Snaaks - ***skreeusnaaks***

   Ryk - ***stinkryk/skatryk***

4. Wat beteken die volgende **idioom**? Onderstreep die korrekte opsie.

   Ek gaan vir my pa duim vashou wanneer hy teen my oom speel.

   ***a. Baie graag wil hê dat iemand sukses moet behaal***

5. Skryf die volgende meervoude in hul enkelvoud oor:

   Ruimtetuie - ***ruimtetuig***

   Geleenthede - ***geleentheid***

   Uitbreidings - ***uitbreiding***

   Kaasfabrieke - ***kaasfabriek***

   Restaurante - ***restaurant***

   Grondstowwe - ***grondstof***

6. Skryf die volgende paragraaf oor deur die korrekte koppeltekens en afkappingstekens in te vul:
   In Suid Afrika is ***ma's*** en ***pa's*** baie opgewonde oor die nuwe bordspeletjie wat hul kinders stil stil gaan besig hou. Kinders van 5 tot 15 jarige ouderdom kan oor en oor die speletjies speel sonder om verveeld te raak. Oumas en oupas kan help om ***foto's*** te neem van hul kleinkinders terwyl hul stap vir stap die instruksies volg.